



Moet nie agter
gelaat word nie
Ons is in vlug, is jy aan boord?

INDEX

- DirektEURsgids 2016 – Eerste kwartaal
- Die belastingimplikasies van wildboerdery
- Die diep wortels van familieboerdery en aanlyn-impak
- Nege algemene foute wat entrepreneurs maak
- Belangrike beslissings in die arbeidsomgewing
- B-BBEE: Die nuutste bedryfsnuus oor Sektor Kodes





Direkteursgids 2016 Eerste Kwartaal

Ons mense en geassosieerde firmas:

Getal verwante firmas: 12 | Getal direkteure: 20

The Core Group Suid-Afrika bestaan tans uit 12 geassosieerde lidfirmas en 16 diensfirmas. Hierdie kwartaal fokus die nuusbriefinsetsel op die 12 lidfirmas en hul onderskeie direkteure.

BLOEMFONTEIN

Azima Rekenmeesters

Direkteur: Willie Bender

- Aantal jare ervaring: 7
- Bedryfspesialisering: Konstruksie, Kommersiële boerdery en Abattoirs
- Diensspesialisering: Inkomstebelasting (BTW) en Rekenkundige dienste
- Stokperdjies: Kampeer, 4x4 en silhoeëtskiet

Christi Wagenaar Rekenmeesters en Ouditeure

Direkteur: Christi Wagenaar

- Aantal jare ervaring: 18
- Bedryfspesialisering: Kleinhandel, Finansiële dienste en Regspraktisyns
- Diensspesialisering: Finansiële verslagdoening, Belasting en Oudits
- Stokperdjies: Tennis, gholff en visvang

Core Bloemfontein

Direkteur: DC Prinsloo

- Aantal jare ervaring: 15
- Bedryfspesialisering: Konstruksie, Mediese dokters en Regspraktisyns
- Diensspesialisering: Belastingbeplanning, Finansiële state en Maatskappy/Groepstrukturering
- Stokperdjies: Jag en wapenversamelaar

Direkteur: Johannes Kriel

- Aantal jare ervaring: 11
- Bedryfspesialisering: Klein ondernemings (KMMOs) en Kommersiële boerdery
- Diensspesialisering: Rekenkundige dienste, Besigheidskonsultering en Maatskappystrukturering
- Stokperdjies: 4x4 en gholff

Direkteur: Linda van den Berg

- Aantal jare ervaring: 11
- Bedryfspesialisering: Mediese professie, Kommersiële boerdery, Argitekte en Ingenieurs
- Diensspesialisering: Finansiële state, Belastingbeplanning en Maatskappy/Groepstrukturering
- Stokperdjies: Alles wat saam met familie en vriende gedoen kan word

Direkteur: Erick Liebenberg (sien Vanderbijlpark)

Core Virtual

Direkteur: Dirk van Velden

- Aantal jare ervaring: 17
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery, Klein ondernemings (KMMOs) en Mediese praktisyns
- Diensspesialisering: Aanlyn-rekenkundige dienste (Cloud Accounting), Belasting en Aanlyn-sagtewareoplossings
- Stokperdjies: Gholf en jag

PC Bruwer en Vennote

Direkteur: Arnold Theron

- Aantal jare ervaring: 28
- Bedryfspesialisering: Konstruksie, Kommersiële boerdery en Nie-winsgewende organisasies (NWOs)
- Diensspesialisering: Saamstel van finansiële state en Rekenkundige sagteware
- Stokperdjies: Gim, sportgeesdriftige en eiendom

Direkteur: PC Bruwer

- Aantal jare ervaring: 48
- Bedryfspesialisering: Konstruksie, Kommersiële boerdery en Vervaardiging
- Diensspesialisering: Oudits, Belasting en Besigheidskonsultering
- Stokperdjies: Lees en sportgeesdriftige

KIMBERLEY

Accounting@Kimberley

Direkteur: Bennie Burger

- Aantal jare ervaring: 9
- Bedryfspesialisering: Landbou, Konstruksie, Mediese praktisyns en Algemene handelaars
- Diensspesialisering: Rekenkundige dienste, Belasting en Bestuurs-rekenkundige dienste
- Stokperdjies: Dans en alles waarby die familie betrokke kan wees

MC Viviers Professionele Rekenmeesters

Direkteur: Romaria Viviers

- Aantal jare ervaring: 21
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery en Konstruksie
- Diensspesialisering: Rekenkundige dienste, Trusts en Boedels
- Stokperdjies: Jag

PLETTENBERGBAAI

Nexo Rekenmeesters

Direkteur: Kobie van Zyl

- Aantal jare ervaring: 4
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery, Mediese praktisyns, Apteke en Dienstasies
- Diensspesialisering: Stelselontwikkeling, Belastingbeplanning en Kontantvloei-analise
- Stokperdjies: Gholf, reis en motorgeesdriftige

Direkteur: Gawie van Zyl

- Aantal jare ervaring: 22
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boedery, Mediese praktisyns, Apteke en Diensstasies
- Diensspesialisering: Besigheidsontwikkeling, Kontakvloei-modelle en Finansieringsmodelle
- Stokperdjies: Jag, reis en visvang

POTCHEFSTROOM

Zoey Finansiële Dienste

Direkteur: Connie Marx

- Aantal jare ervaring: 10
- Bedryfspesialisering: Klein ondernemings (KMMOs), Algemene Handelaars and Professionele Praktyke
- Diensspesialisering: Oudit, Rekenkundige dienste, Belasting, Besigheidskonsultering en Maatskappy/Groepstrukturering
- Stokperdjies: Diepsee-duik en klawerbord-speler

ROODEPOORT

SP3

Direkteur: Danie Goosen

- Aantal jare ervaring: 12
- Bedryfspesialisering: Farmaseutiese bedryf, Konstruksie en Vervoer/Logistiek
- Diensspesialisering: B-BBEE-verifikasies, Kommersiële korttermyn-versekering en Finansiële dienste
- Stokperdjies: Gholf en bergfietsry

UPINGTON

Nel en Vennote

Direkteur: Kobus Nel

- Aantal jare ervaring: 21
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boedery en Konstruksie
- Diensspesialisering: Rekenkundige dienste, Trusts en Boedels
- Stokperdjies: Jag

Direkteur: Freek Mulder

- Aantal jare ervaring: 5
- Bedryfspesialisering: Konstruksie, Vervaardiging en Kommersiële boedery
- Diensspesialisering: Oudits, B-BBEE-strategie-ontwikkeling en IFRS-nakoming
- Stokperdjies: Jag en lees

Direkteur: Pierre Nel

- Aantal jare ervaring: 17
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery en Groothandelaars
- Diensspesialisering: Oudits en Inkomstebelasting
- Stokperdjies: Bergfietsry

Direkteur: Andre Ehlers

- Aantal jare ervaring: 12
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery, Vervaardiging en Algemene handelaars
- Diensspesialisering: Rekenkundige dienste, Besigheidskonsultering en Inkomstebelasting
- Stokperdjies: Lees en kreefduik

Direkteur: Pieter Nel

- Aantal jare ervaring: 23
- Bedryfspesialisering: Kommersiële boerdery
- Diensspesialisering: Besigheidskonsultering
- Stokperdjies: Gholf en wildboerdery

VANDEBIBLPARK

Core Vanderbijlpark

Direkteur: Erick Liebenberg

- Direkteur: Erick Liebenberg
- Aantal jare ervaring: 20
- Bedryfspesialisering: Klein ondernemings (KMMOs) en Professionele praktyke
- Diensspesialisering: Oudits, Besigheidskonsultering en Finansiële modelle
- Stokperdjies: Watersport en gholf

Voorberei deur CORE Bemaking en Openbare Betrekkinge
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188



Die belastingimplikasies van wildboerdery

Daar ontstaan dikwels vrae oor die invloed van 'n wildboerdery op iemand se belastingposisie in 'n bepaalde jaar van aanslag. Watter inkomste is belasbaar en watter aftrekkings is beskikbaar? Watter invloed het 'n wildboerdery op boedelbeplanning? Die antwoorde op hierdie vrae lê opgesluit in verskillende gedeeltes van die Inkomstebelastingwet, wat as 'n geheel beskou moet word, verduidelik Wessel Smit, direkteur van CORE Tax.

Artikel 26(1) van die Inkomstebelastingwet bepaal dat die belasbare inkomste van enige persoon wat veeboerdery, landbou of ander boerdery-aktiwiteite beoefen, in soverre 'n inkomste gegeneer word uit sodanige aktiwiteite, bepaal sal word ingevolge die Wet, maar onderhewig aan die Eerste Bylae. Die Eerste Bylae handel oor die berekening van belasbare inkomste wat voortspruit uit veeboerdery, landbou of ander boerdery-aktiwiteite. Daarom moet die belasbare inkomste uit boerdery-aktiwiteite gekombineer word met die belasbare inkomste wat voortspruit uit ander bronne ten einde die belastingbetaler se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag te bepaal.

Wat behels boerdery-aktiwiteite?

Die uitdrukking “boerdery-aktiwiteite” word nie in die Wet omskryf nie en moet dus aan die hand van die gewone betekenis daarvan geïnterpreteer word. Alle feite en omstandighede van 'n bepaalde saak moet gevolglik in ag geneem word om te bepaal of 'n persoon boerdery-aktiwiteite beoefen.

Dit moet duidelik gestel word dat nie alle aktiwiteite binne die aard van 'n boerdery noodwendig “boerdery-aktiwiteite” uitmaak nie. Dit is deur Heher, AJA, in die Appèlhof bevestig in C: SARS v Smith, toe hy die volgende gesê het: “Die Wet is daarop gerig om winsgewende aktiwiteite te belas. Daar is geen ooglopende rede waarom die wetgewing sou bedoel het dat 'n belastingbetaler wat as 'n stokperdjie boer of wat af en toe by boerdery betrokke is vir sy eie bevrediging die voordele moet geniet wat in die Eerste Bylae omskryf word nie.”

Ten einde dus binne die omvang van die Eerste Bylae te val, moet boerdery-aktiwiteite dus 'n handeldrywende aksie van die belastingbetaler wees en daar moet 'n oorkoepelende winsoogmerk wees. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie 'n vereiste is dat die persoon die grond moet besit waarop die boerdery-aktiwiteite beoefen word nie. Die persoon moet egter 'n reg tot die grond en veral die opbrengs daarvan hê. Dieselfde toets en beginsels wat gebruik word om te bepaal of 'n persoon boerdery-aktiwiteite beoefen, word ook gebruik vir wildboerdery.

Aktiwiteite soos die teel van wild op 'n plaas met die doel om die lewende diere te verkoop, die jag van diere teen 'n fooi of die slag daarvan vir vleis, val binne die beskrywing van wildboerdery. Aan die ander kant is dit onwaarskynlik dat jag per geleentheid beskou sal word as die beoefening van wildboerdery-aktiwiteite.

Die teel en versorging van lewende hawe behels normaalweg die aankoop, teel en verkoop of gebruik van bepaalde diere. Elke geval sal afsonderlik oorweeg moet word en die feite en omstandighede is deurslaggewend. In sommige gevalle sal die gereelde aankoop van teelmateriaal byvoorbeeld 'n vereiste wees, terwyl dit in ander gevalle nie noodsaaklik is nie. Die dag-tot-dag betrokkenheid van 'n wildboer in die versorging van lewende hawe sal waarskynlik wissel afhangend van die bepaalde wildspesie. Daar sal egter in alle gevalle 'n vlak van aktiewe betrokkenheid moet wees wat toepaslik is vir die bepaalde spesie en wildboerdery-aktiwiteite.

Wat word gesien as wildboerdery-inkomste?

Die volgende soorte inkomste word algemeen beskou as direk afkomstig uit wildboerdery-aktiwiteite: inkomste uit die verkoop van lewende wild, inkomste uit die slag en verkoop van wildsvleis, karkasse en velle, fooie ontvang van jagters vir die jag van die wild, asook inkomste verdien uit die voorsiening van gidse en spoorsnyers vir 'n jagtog.

Inkomste verdien uit verblyf en spyseniering, asook toegangsfooie betaalbaar deur persone wat die plaas besoek, word nie gewoonlik beskou dat dit 'n direkte verband het met wildboerdery-aktiwiteite nie en sal dus nie beskou word as 'n inkomste wat verdien word uit wildboerdery nie.

Lewende hawe

Lewende hawe moet insluit diere wat aangehou word vir teelddoeleindes (bekend as vastekapitaal-bates) en diere wat vir herverkoop aangehou word (bekend as lopendekapitaal-bates). Die lewende hawe moet egter as deel van die boerdery-aktiwiteite aangewend word om binne die omvang van die Eerste Bylae te val.

Die vraag van eienaarskap is veral relevant ten opsigte van ongetemde wild aangesien die gemenereg ongetemde wild as res nullius beskou, met ander woorde iets wat deur niemand besit word nie, maar wat besit kan word. Eienaarskap word bereik deur beheer oor die diere te neem met die bedoeling om die eienaar daarvan te wees. In die konteks van wildboerdery word dit bereik deur die oprig van heinings rondom die plaas. Alle lewende hawe wat as wild beskou word, word dus op die grondslag van lopende kapitaal hanteer.

Die algemene reël is dat alle boere verplig is om op hul belastingopgawes aan te dui wat die waarde is van lewende hawe wat aan die begin en aan die einde van die jaar van aanslag gehou is en wat nie verkoop is nie. Die waarde van lewende hawe wat gehou word aan die einde van die jaar van aanslag ("sluitingsvoorraad"), word aangedui as inkomste. Die waarde van lewende hawe wat gehou word aan die begin van die jaar van aanslag ("openingsvoorraad"), word beskou as 'n aftrekking van inkomste.

Die waarde wat op die lewende hawe geplaas word vir die doel van hierdie berekening is die standaardwaarde van toepassing op daardie lewende hawe. Die bylaes stel egter nie 'n standaardwaarde vas vir lewende hawe wat as wild beskou word nie. Die Kommissaris aanvaar dus vir die doel van standaardwaardes 'n standaardwaarde van nul vir wild.

Die aanskaffing van wild

Die kosprys van wild wat aangeskaf word deur 'n persoon wat boerdery-aktiwiteite beoefen, mag as 'n aftrekking geëis word onderhewig aan artikel 11(a). Paragraaf 8 van die Eerste Bylae maak egter voorsiening daarvoor dat die aftrekking van uitgawes wat gedurende die jaar van aanslag aangegaan is vir die aanskaffing van wild beperk kan word.

Die aftrekking wat beskikbaar is, word beperk tot die som van die inkomste voortspruitend uit boerdery-aktiwiteite plus die waarde van die lewende hawe wat gehou word en wat nie aan die einde van die jaar van aanslag verkoop is nie minus die waarde van die lewende hawe wat gehou is aan die begin van die jaar van aanslag. Enige bedrag wat nie as aftrekking toegelaat word nie, sal oorgedra word na die daaropvolgende jaar van aanslag en sal beskou word as uitgawes wat in daardie jaar aangegaan is.

Die potensiële beperking word geassesseer ingevolge die totaal van al die boer se lewende hawe ongeag die aard daarvan. Indien 'n belastingbetaler byvoorbeeld met vee en wild boer, sal 'n enkele beperkende berekening gedoen word wat die vee sowel as die wild in ag neem.

Wat gebeur in die geval van verliese gelyk as gevolg van die vang en vervoer van wild? Indien 'n belastingbetaler kan bewys dat die koste van die aanskaffing van die bepaalde dier, wat nie meer gehou word nie en wat nie aan die einde van die jaar van aanslag verkoop is nie, ingesluit is in die bedrag wat oorgedra word ingevolge paragraaf 8, mag die koste van daardie dier uitgesluit word van die bedrag wat oorgedra word en onmiddellik as aftrekking geëis word.

Bykomend is 'n boer geregtig op 'n onmiddellike aftrekking indien die waarde van die openingsvoorraad van die lewende hawe plus die bedrag wat oorgedra word ingevolge paragraaf 8 meer is as die markwaarde van al die lewende hawe wat gehou word en wat nie aan die einde van die jaar van aanslag verkoop is nie. Die bedrag van die aftrekking is gelyk aan die bedrag van die surplus en die onus rus op die belastingbetaler om die bedrag wat geëis word, te motiveer. Die bedrag wat oorgedra word ingevolge paragraaf 8 moet ook verminder word deur die surplus.

Uitgawes en toelae

Bedrae wat normaalweg deur 'n wildboer afgetrek kan word, sluit byvoorbeeld in normale lopende uitgawes met betrekking tot die boerdery-aktiwiteite (uitgawes aan ammunisie, elektrisiteit, voer, brandstof, lewende hawe, lone en salarisse en veeartskoste), die koste van slagters, spoorsnyers en professionele jagters, bemerking en promosies, asook reiskoste (plaaslik en internasionaal).

Sekere toerusting wat deur 'n boer gebruik word wat kwalifiseer vir spesiale waardeverminderingstoelae in terme van artikel 12B van die Wet sluit byvoorbeeld in voertuie, wapens, vleissae en tweerigtingradio's. In terme van die spesiale waardeverminderingstoelae waarvoor in artikel 12B voorsiening gemaak word, is die aftrekking 50% van die koste in die jaar van aanslag waartydens die bate aangekoop is; 30% van die koste in die tweede jaar; en 20% van die koste in die derde jaar.

Wat van sekere voertuie wat gebruik word om besoekers na die plaas te vervoer of helikopters wat gebruik word om wild te vang?

Daar is bepaalde bates wat spesifiek uitgesluit is van artikel 12B. Dit sluit onder meer in enige voertuig waarvan die uitsluitlike of hoofsaaklike funksie is om mense te vervoer of enige vliegtuig anders as 'n vliegtuig wat uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doel van besproeiing gebruik word.

Dit beteken nie dat geen toelae vir hierdie bates geëis kan word nie; dit beteken bloot dat 'n spesiale waardeverminderingstoelaag nie beskikbaar is nie en die toelaag wat geëis kan word, moet geëis word in terme van artikel 11(e) of artikel 12C van die Wet.

Kapitaalontwikkelings-uitgawes

Sekere kapitaalontwikkelings-uitgawes in verband met wildboerdery mag afgetrek word. Dit kan onder meer insluit die uitwissing van skadelike onkruid en indringerplante; die voorkoming van grond-erosie; diptenks; damme, besproeiingstelsels, boorgate en pompaanlegte; heinings; die oprig van uitbreidings, byvoegings of verbeterings (anders as herstelwerk) aan geboue wat gebruik word vir boerdery-aktiwiteite, anders as daardie geboue wat vir huishoudelike doeleindes gebruik word; die bou van paaie en brûe vir boerdery-aktiwiteite; en die verbinding van elektriese toevoer van die hooftransmissiellyn na die plaas of in terme van 'n ooreenkoms met die Elektriesiteitsvoorsieningskommissie ingevolge waarvan die boer onderneem om 'n gedeelte van die Kommissie se koste te dra vir die voorsiening van elektrisiteit wat deur die boer in geheel of hoofsaaklik vir boerdery-aktiwiteite verbruik word.

Daar moet egter daarop gelet word dat daar 'n direkte verband moet wees tussen die uitgawe en die wildboerdery-aktiwiteite vir die uitgawe om aftrekbaar te wees. Die aftrekking beskikbaar vir kapitaalontwikkelings-uitgawes (uitsluitend uitgawes wat verband hou met die uitwissing van skadelike

onkruid en indringerplante of die voorkoming van grond-erosie) is omhein. Die aftrekking beskikbaar vir 'n bepaalde jaar van aanslag is beperk tot belasbare inkomste wat voortspruit uit boerdery voordat die aftrekking geëis word. Die surplus word oorgedra en word beskou as aangegaan in die daarop volgende jaar van aanslag.

Staking van boerdery-aktiwiteite

Boerdery-aktiwiteite kan onderbreek word vir verskeie redes, insluitend vrywillige staking, sterfte of sekwestrasie van die belastingbetaler. Die staking van boerdery-aktiwiteite het sekere belastingimplikasies vir die belastingbetaler.

Die afsterwe van 'n wildboer het gevolge in terme van belasting en kapitaalwinstbelasting vir die afgestorwene, die afgestorwene se boedel en die erfgename of legatarisse.

Ingevolge paragraaf 40(1) van die Agtste Bylae word die bates (met enkele uitsonderings) van 'n afgestorwene beskou as oorgedra aan die boedel vir 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde daarvan op die datum van afsterwe.

Wild wat aangehou word op die datum van afsterwe word dus in die algemeen beskou as verkoop deur die afgestorwene vir 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde daarvan. Wanneer die basiskoste van wild bepaal word, moet enige uitgawe aangegaan in die aanslag daarvan verminder word met enige gedeelte wat toegelaat is as aftrekking ingevolge artikel 11(a). Die koste van enige wild wat volledig toegelaat is ingevolge artikel 11(a) sal dus 'n basiskoste van nul hê. In terme van die mate wat die koste beperk is in terme van paragraaf 8, sal dit egter 'n basiskoste hê gelykstaande aan die gedeelte wat nie toegelaat is as aftrekking ingevolge artikel 11(a) nie.

Daar moet dus sorgvuldige oorweging geskenk word aan die voertuig waarbinne die wildboerdery-aktiwiteite plaasvind. Is dit nie dalk beter om hierdie wild in 'n trust of 'n maatskappy te hou eerder as in 'n persoon se eie naam nie ter wille van boedelbelasting?

Gevolgtrekking

Dieselfde beginsels wat toegepas word om te bepaal of iemand boerdery-aktiwiteite beoefen, is ook van toepassing op wildboere. Die toets hiervoor is subjektief, naamlik dat dit gebaseer is op die belastingbetaler se bedoeling.

Daar moet rekening gegee word van lewende hawe in die opening- en sluitingsvoorraad van die boerdery-aktiwiteite. Die standaardwaarde wat gebruik word vir hierdie berekening is egter nul.

Daar mag ernstige koste-implikasies wees as van die wild vrek in 'n bepaalde jaar van aanslag, veral in die vroeë fases van die wildboerdery wanneer die koste vir die aanslag van wild baie hoog is en potensieel omhein kan wees as gevolg van die wildboerdery-aktiwiteite wat nog nie begin het om voldoende inkomste te genereer waarteen hierdie koste afgetrek kan word nie. In so 'n scenario, indien daar aan die Kommissaris bewys kan word dat die dier nie langer gehou word nie en dat dit nie verkoop is teen die einde van die jaar van aanslag nie, mag die koste van daardie dier uitgesluit word van die bedrag wat oorgedra word en onmiddellik as aftrekking geëis word.

Sorgvuldige oorweging moet geskenk word aan die voertuig waarbinne wildboerdery-aktiwiteite plaasvind aangesien dit 'n ernstige impak op die boedelbelasting het by die afsterwe van 'n natuurlike persoon.

[Voorberei deur CORE Tax. Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]



Die diep wortels van familieboerdery en aanlyn-impak

Dit sal 'n groot fout wees as die verliese weens droogtes slegs verreken word in terme van die primêre sektor se bydrae tot die GBP. Ontworteling van sogenaamde familieboerderye as gevolg van droogtes en situasies waar die betrokkenes geen ander werkbare alternatief het as die hefboom van hul arbeid op plase is in 'n onlangse publikasie van die VN se Voedsel-en-landbou-organisasie (die FAO) verduidelik.

Familieboerderye is onlosmaaklik verbind tot nasionale en globale voedselkerheid in ontwikkelende en ontwikkelde lande, sê dr. Kobus Laubscher, direkteur van CORE Business Development. Dit is die vernaamste struktuur in landbouproduksie en sluit alle familie gebaseerde landbou-aktiwiteite in en as sodanig koppel dit dus ook met landelike ontwikkeling. Daar is na raming 570 miljoen plase wêreldwyd, waarvan nagenoeg 500 miljoen deur families bedryf word, aldus die FAO. Dié plase is verantwoordelik vir 56% van die globale landbouproduksie.

Tot 83% van bewerkbare grond in die VSA en Sentraal-Amerika word deur families bewerk, teenoor die 68% in Europa, 85% in Asië en 62% in Afrika. Suid-Amerika is die laagste met net 18%. Familieboerderye produseer ongeveer 40% van die hoof graansoorte op 25% van die bewerkbare grond in Brasilië. Familieboerderye produseer meer as 84% van alle landbouproduksie in die VSA op 78% van die bewerkbare landbougrond. Die waarde van dié produksie is meer as US\$ 239 miljard. Asië speel 'n baie belangrike rol in terme van rysproduksie, met ongeveer 3,5 miljard mense wat vir minstens 25% van hul daaglikse dieet van rys afhanklik is. Meer as 'n miljard mense is vir hulle bestaan afhanklik van rysproduksie. Asiese familieboerderye anker hierdie waardeketting.

Volgens die FAO speel familieboerderye ook 'n vername rol in terme van die bewaring van tradisionele voedselprodukte, terwyl daar beduidend bygedra word tot gebalanseerde diëte met 'n bykomende waghondfunksie oor bio-diversiteit ten einde volhoubaar in produksie te kan bly.

Droogtes van die huidige omvang vereis dus behoorlike besinning ten opsigte van steun. Behalwe dat moderne kommunikasie die impak van die droogte beskryf vanaf plaasvlak tot hoe dit die gatsak van die verbruiker raak en gaan raak, moet die dieperliggende en aanlyn-impak ook verstaan word. Verbruikers kan nie bekostig om die werklike kosprodusente (familieboerderye) te versaak nie. Dit is vir hulle ewe belangrik dat volhoubaarheid in stand gehou moet word en dalk is dit genoeg rede vir nuwe agitasie. As familieboerderye nie daadwerklike hulp vanaf die staat kry nie, is dit genoeg rede om protes aan te teken en wel tot 'n groter mate as wat tot nou toe ervaar is met studentepotes en betogings vir die verwydering van 'n land se leier.

**[Voorberei deur CORE Business Development.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



Nege algemene foute wat entrepreneurs maak

Die opwinding van 'n nuwe maatskappy kan soms nadelig uitwerk op 'n entrepreneur se vermoë om oopkop te bly rakende al die aspekte betrokke by die bestuur van 'n suksesvolle besigheid. Diederik van Niekerk, 'n gesertifiseerde besigheidsafrigter en bedryfsreg-eienaar van ActionCOACH South African in Bloemfontein, lig 'n paar van die mees algemene foute uit wat entrepreneurs maak.

'n Dooie punt in die vennootskap

Gelyke eienaarskap blyk teoreties geregverdig te wees en werk aanvanklik goed. Kort voor lank sal daar egter meningsverskille ontstaan en dit kan die maatskappy laat water trap omdat geen vennoot die finale sê het nie. Uiteindelik belemmer dit die maatskappy se groei. Dit maak meer sin om aan 'n besturende vennoot die finale beheer en 'n meerderheidsaandeel te gee – selfs al is dit net 51%. 'n Ander opsie vir entrepreneurs is om 'n klein persentasie eienaarskap aan 'n derdeparty-raadgewer toe te staan, wat dan die deurslaggewende besluit kan neem wanneer 'n dooie punt bereik word.

Optimisme vs realisme

Onrealistiese optimisme kan lei tot oordrewe verkoopsvooruitsigte, verkorte tydlyne vir produkontwikkeling en beperkte kosteverwagtinge. Dit is belangrik vir 'n besigheid om dubbel seker te maak van hul finansiële aannames en slegs voort te gaan wanneer daar kapitaal is om die slegste scenario te steun.

Lae winsgrense

Maatskappye moet die hoogste moontlike prys vra wat deur hul markte toegelaat word. Te veel entrepreneurs probeer om met hoë volumes op te maak vir lae winsgrense. Hierdie strategie is selde suksesvol, veral vir diensgebaseerde maatskappye.

Een groot kliënt

Indien 'n maatskappy op 'n enkele kliënt staatmaak vir meer as 50% van die maatskappy se inkomste is ondergang nie ver nie. Dit mag wel makliker wees om een of twee groot kliënte te bestuur, maar dit maak die maatskappy kwesbaar vir mislukking indien dit 'n belangrike kliënt verloor, eerder as om vinnig aan te pas deur verkope aan ander, kleiner kliënte op te stoot.

Geen mark nie

Sommige maatskappye bestee al hul aandag aan 'n idee en ontwikkel dan 'n produk of diens – net om later uit te vind daar is nie 'n mark daarvoor nie. Dit is 'n fout om 'n produk of diens te ontwikkel waarvoor daar dan 'n mark gesoek moet word. Dit is noodsaaklik om vooraf marknavorsing te doen om vas te stel of iemand belangstel om te koop wat aangebied word.

Spoed vs perfeksie

Baie entrepreneurs bestee te veel tyd en geld daaraan om die perfekte produk te ontwikkel. Selfs al maak die maatskappy uiteindelik die perfekte produk, verander die mark weer en is die produk maar weer nutteloos. Dit maak meer sin om 'n minder perfekte produk te maak wat die mark vinniger bereik en wat die maatskappy kan help om homself te vestig en vinniger winsgewend te word.

Verdeelde fokus

Eienaars van klein besighede verloor dikwels die maatskappy se kern-sakedoelwitte uit die oog. Fokus eerder op 'n enkele aspek, want in die meeste gevalle gaan dit tot beter resultate lei as om te diversifiseer.

Balanseer uitgawes

In 'n poging om so gou moontlik die vrugte te pluk van hul nuwe onderneming, laat entrepreneurs soms toe dat uitgawes vinniger groei as inkomste. Totdat die winste die koste kan dra, moet die maatskappy vir eers tevrede wees met nederige kantoorryimte, meubels, ens. Dit is aanvaarbaar om geld te bestee wat noodsaaklik is om die maatskappy se doelwitte te bereik, maar niks anders moet bestee word totdat die winste die uitgawes regverdig nie.

Die onvermoë om suksesvol te misluk

Die grootste fout wat 'n entrepreneur kan maak, is om mislukking te ignoreer. Indien die onderneming nie suksesvol was nie, is dit beter om op 'n skoon bladsy te begin en die belegging in heroorweging te neem. Entrepreneurs moet aanvaar dat die oorspronklike belegging verlore is en vanuit daardie perspektief besluit of verdere belegging geregverdig is. Indien nie, moet hulle eerder wegstap as om voort te gaan om goeie geld na slegte geld te gooi. Mislukking moet liefsvinnig afgehandel word en, hoewel dit 'n noodsaaklike stap tot sukses is, vra dit vir 'n oopkop-assessering.

**[Voorberei deur CORE Business Development.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**

Belangrike beslissings in die arbeidsomgewing

In 'n poging om aan die voorpunt van die voortdurend veranderende arbeidsomgewing te bly, lig CORE Labour 'n paar van die mees onlangse sake van belang uit die Industrial Law Reports (volume 37) uit. "Ons streef daarna om ons kliënte op hoogte van sake te hou, so kennisname van belangrike beslissings en besluite in die arbeidsomgewing is noodsaaklik," sê dr. Kulu Ferreira, direkteur van CORE Labour.

Seksuele teistering

Die Arbeidsappèlhof het bevind dat 'n ouer, manlike werknemer se onvanpaste seksuele toenadering tot 'n jonger, vroulike kontrakteur buite die werkplek neerkom op seksuele teistering. Onderliggend aan hierdie onwelkome toenadering was 'n magswanbalans wat die werknemer begunstig het in terme van sowel sy ouderdom as sy geslag. Die feit dat sy optrede nie fisiek was nie, dat dit slegs 'n enkele voorval was, dat dit nie voortgeduur het nie en dat dit buite die werkplek plaasgevind het, beteken nie dat dit nie seksuele teistering was nie. Die Grondwet bied aan die vroulike kontrakteur, en ander vroue, beskerming ten einde op 'n konstruktiewe en gelyke grondslag in die werkplek mee te ding sonder dat hul waardigheid en integriteit benadeel word (Campbell Scientific Africa (Pty) Ltd v Simmers & andere). In Dheaneshwer en Tri Media het 'n KVBA-kommissaris beslis dat, waar 'n nuut-aangestelde, jong vrou seksueel suggestiewe en onvanpaste teksboodskappe van 'n senior bestuurder ontvang het, dit haar voortgesette indiensneming onmoontlik gemaak het. Sy is konstruktief ontslaan en was geregtig op vergoeding.

Ontslag ná kommentaar op sosiale media

'n Werknemer is ontslaan weens die maak van aanstootlike kommentaar op Facebook rakende haar komende afdanking. 'n Arbiter van die bedingingsraad het bevind dat, onder omstandighede waar die werknemer emosioneel ontsteld was, asook onvoorbereid en oorweldig deur die nuus van haar potensieële afdanking en waar sy berou getoon het en die kommentaar die volgende dag verwyder het, die kommentaar op Facebook nie as ernstige wangedrag beskou kan word wat ontslag regverdig nie (Robertson en Value Logistics).

Bedingingsraad: Verhaling van koste van arbitrasie

Die Arbeidshof het bevind dat, wanneer die Suid-Afrikaanse Bedingingsraad vir Plaaslike Regering (SALGBC) die koste van arbitrasie tussen twee litigerende partye wil verhaal, dit slegs so mag doen indien 'n kostebevel toegestaan is ten gunste van die SALGBC deur 'n arbiter. Dit is onaanvaarbaar van die SALGBC om op afdeling 33A van die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995 staat te maak om 'n kostebevel af te dwing. Die SALGBC moet hom eerder beroep op die uitvoeringsbepalings van sy hoofooreenkoms, alternatiewelik afdeling 143 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (SA Local Government Bargaining Council v Ally NO & ander).

Onregverdigde diskriminasie: Arbitrêre gronde

Die werkgewer het 'n voorsieningsfonds aangebied, insluitend skemas vir spaar, aftrede, begrafnisse en ongesiktheid, aan alle werknemers wat langer as vyf jaar in diens was. Sommige werknemers wat minder as vyf jaar in diens was, het aangevoer dat hierdie optrede arbitrêr was en dus neerkom op onregverdigde diskriminasie in terme van afdeling 6 van die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998. 'n KVBA-kommissaris het die werknemers gelyk gegee en bevind dat daar geen objektiewe basis vir die afsnypunt van vyf jaar was nie. Die onderskeid was arbitrêr en onlogies en het dus neergekom op onregverdigde diskriminasie (Ndlala & andere en Philani Mega Spar).

Heraanstelling

In 'n geval waar 'n arbiter van die bedingingsraad geweier het om 'n bevel van heraanstelling uit te reik vir die omvattende onregverdige ontslag van twee werknemers bloot weens die onverklaarbare lang vertraging in die finalisering van die saak, het die Arbeidshof op hersiening bevestig dat 'n lang vertraging nie heraanstelling kan verhoed nie. Dit het wel praktiese implikasies. In hierdie geval het die Arbeidshof bevind dat heraanstelling nie onprakties sou wees nie en dat die arbiter die werkgever moes beveel het om die werknemers weer aan te stel (Zuma & ander v Public Health & Social Development Sectoral Bargaining Council & andere).

[Voorberei deur CORE Labour]
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]

B-BBEE: Die nuutste bedryfsnuus oor Sektor Kodes

Die CORE BEE-span verwag dat vanjaar baie interessant en ook ietwat van 'n uitdaging gaan wees in terme van B-BBEE. Soos genoem in vorige nuusbriewe, het die Departement van Handel en Nywerheid verlede jaar in Mei 'n Verduidelikende Kennisgewing uitgereik waarin aangedui word dat:

- alle B-BBEE-verifikasies wat uitgevoer word aan die hand van die finansiële jaareinde voor 30 April 2015 met die “ou” Kodes geverifieer mag word; en
- dat alle verifikasies wat uitgevoer word aan die hand van die finansiële jaareinde ná 1 Mei 2015 met die “nuwe” Kodes geverifieer moet word, met uitsondering van die Sektor Kodes.

In terme van Sektor Kodes het die verklaring dit as volg gestel:

- Die Minister het 'n bykomende oorgangperiode vir die belyning van die Sektor Kodes tot einde Oktober 2015 toegelaat.

Die meeste Sektor Kode-komitees het vroeg in November 2015 egter nog nie die sperdatum gehaal wat deur die Minister gestel is nie en het in die meeste gevalle nog nie hul belynde Sektor Kodes vir oorweging ingedien nie. In hierdie verband het die Minister toe 'n opvolgkennisgewing uitgereik waarin aangedui is dat die sperdatum uitgestel is tot 15 November 2015. Bykomend het hy ook aangedui dat hy dit sal oorweeg om die Sektor Kodes wat teen daardie tyd nog nie belyn en ingedien is vir oorweging nie, te herroep.

Sedertdien het die sperdatum van 15 November 2015 gekom en gegaan sonder enige verdere kennisgewing van die Departement rakende enige besluite deur die Minister. 'n Aantal Sektor Kode-komitees het intussen aangekondig dat hulle nie konsensus oor die belyning van hul Sektor Kodes kon bereik nie en dat hul Sektor Kodes nie meer van krag is nie. In hierdie verband is dit belangrik om kennis te neem dat, ingevolge B-BBEE-wetgewing, slegs die Minister die Sektor Kodes mag herroep. Op 17 Februarie 2016 het die Minister 'n verdere opvolgkennisgewing uitgereik, waarin hy formeel kennis gegee het om die Konstruksie-sektor en Geoktrooieerde Rekenmeesters-kode met onmiddellike effek te herroep.

Status quo vir Sektor Kodes

Die implikasies van al die verwickelinge tot op hede laat die volgende vraag ontstaan: “Aan die hand van watter telkaart moet 'n entiteit in 'n sektor waarvoor 'n Sektor Kode bestaan, gemeet / geverifieer word?”

Tans geld die volgende reël indien jou besigheid sake doen in enige van die oorblywende gepromulgeerde Sektor Kodes:

- Indien jou finansiële jaareinde voor 1 Mei 2015 is, word jy geverifieer aan die hand van die “ou” Sektor Kode;
- Indien jou finansiële jaareinde ná 1 Mei 2015 is, volg jy steeds die “ou” Sektor Kode;
- Die Toerisme- Sektor Kode is die enigste belynde Sektor Kode wat tot dusver gepromulgeer is en dus binne daardie bedryf reeds wetlik bindend is;
- Alle ander Sektor Kodes (buiten Konstruksie en die Geoktrooieerde Rekenmeesters-kode) is tot op hede nog nie herroep nie en mag dus gevolg word tot dit belyn is (soos Toerisme);

- Die herroeping van die Konstruksie-sektor en Geotrooieerde Rekenmeesters-kodes is met teenkanting ontvang en vereis dat verdere duidelikheid deur die Department van Handel en Nywerheid verskaf sal moet word. In hierdie stadium dui beskikbare inligting aan dat die twee Sektor Kodes beskou word as dat dit sedert 17 Februarie 2016 glad nie meer bestaan nie. Ons verstaan dus daaruit dat geen besighede wat in hierdie sektore handel dryf dan meer op hierdie Sektor Kodes geverifieer mag word nie en dat daar van hulle vereis word om met onmiddellike effek aan die vereistes van die “nuwe” Kodes te voldoen.

Ons is ook deur ons industrieliggaam, ABP (Association for B-BBEE Professionals), ingelig dat hulle in gesprek is met die Department van Handel en Nywerheid rakende die kwessie van die herroeping van die twee Sektor Kodes en die duidelike en kommerwekkende negatiewe effek wat dit op rolspelers in daardie industrieë gaan hê.

CORE BEE is só geposisioneer dat dit in staat is om of raadgewende dienste of verifikasiedienste aan ons kliënte te bied. Ons kan ’n assessering doen van die impak wat die “nuwe” Kodes op jou besigheid gaan hê en jou sodoende ’n duidelike aanduiding gee van die moontlik voldoeningsvlak wat jou besigheid sal behaal gemeet aan die “nuwe” Kodes. Ons kan jou ook bystaan met die opstel van ’n B-BBEE-implementeringsplan, wat jou in staat sal stel om ingeligte besluite oor jou B-BBEE-strategie te maak.

[Voorberei deur CORE BEE
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za